DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin

**1 Mei 2022**

Predikant: Ds. S.P. Venter
Pastorie: 015 296 1840
Sel: 082 809 0222
Epos: sarel.pventer@gmail.com

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | Esegiël 1 |
| **Tema** | ***Alles het sin, omdat God in beheer is*** |
| **Sang** | Psalm 89: 1, 6<br>Skrifberyming 3-4: 1, 5<br>Psalm 48: 4, 5<br>Psalm 2: 4, 6<br>Lied 464: 3, 4 |

Primêr is hier 'n openbaring van die naderende oordele oor Jerusalem. Nebukadnesar is ‘n instrument in God se hand om Sy ongehoorsame volk te straf. Ons kry ‘n kyk in die hemel op die ontsagwekkende grootheid en majesteit van God. * Hy is onaantasbaar heilig. Vuur is keer op keer 'n simbool hiervan (Eks 3:2-3; 1 Kon 18:24, 38; 2 Tes 1:7; Op 1:14). * Hy is onstuitbaar Almagtig. Alles in Esegiël se visioen verkondig die mens se kleinheid en magteloosheid. Maar veral onderstreep dit God se verskriklike krag. * Hy is die regeerder oor alles. In die profete se visioene is Hy keer op keer op 'n troon (1 Kon 22:19; Jes 6:1; Dan 7:9; Op 4:2). Koninkryke kom en gaan - maar Sy troon bly onwankelbaar en ewig staan. * Hy is die regter. En as 'n reël voltrek Hy Sy oordele middellik - deur mense en omstandighede te gebruik.

Bo alle aardse gebeure is daar hemelse kragte wat dit stuur en rig. Die lewende God regeer soewerein. Legioene engelemagte staan dag en nag gereed om blitsvinnig-gehoorsaam Sy opdragte uit te voer. En vir hulle is niks té ver, té afgesonderd, té verskuild, té geheim nie. Hierdie onheilspellende en skrikwekkende manifestasie van God word omhul met 'n reënboog. Dis die simbool van God se ewige verbondsliefde en trou. Dit is ‘n genadeteken. En ons weet, in die lig van die Nuwe Testament, dat dit Christus is wat dit moontlik maak. Hy is die Hoof van God se nuwe skepping. In Hom word nie alleen sondaars vernuut nie; ook die natuur sal uiteindelik herstel word (Rom 8: 19-22).

Hierdie waarhede staan vandag onveranderd vas. En dis belangrik om dit steeds te onthou - anders verloor ons perspektief en lê vrees ons lam. Onthou dus Wie dag na dag heers - en dat Hý alles soewerein beheer, ongeag of dit groot, historiese gebeure is, en of dit klein, persoonlike besonderhede is. Weet dus dat die leisels van die geskiedenis nie regtig so slap hang soos dit soms lyk nie. Esegiël is nie net aankondiger van God se oordele nie, maar bowenal 'n jubelende profeet van God se soewereine regering - en besonderlik van Sy ewige verlossing. Ongeag wat ook al voorlê - vir jou persoonlik, of vir die hele wêreld - onthou, en bly onthou: daar is 'n reënboog om die troon.

Bo-oor alles en onder alles is daar God se genade en heerlike verlossingsplan in Jesus Christus. Hy is die Oorwinnaar. Dit gaan oor Hom en oor die erfenis wat Sy Hemelse Vader vir Hom uitgemeet het. En niks, maar niks, kan die finale en volkome realisering daarvan verydel nie. God skenk ons nou genadetyd. Vir elkeen wat in die gemeenskap met die Heilige Gees lewe en aan God alleen die eer gee, is daar genadetyd.  Hou vas aan die Lewende God wat jou ewige bestemming reeds werklikheid gemaak het.

## OOG VIR MEKAAR



* Ons innige simpatie en meelewing met Annemarie van Biljon en die familie met Johan wat oorlede is. Ons bid jou die troos en bystand van ons Trooster, die Heilige Gees, toe. Die begrafnis vind DV Dinsdag plaas. Om 10:00 is die familie by die graf en om 11:00 is die troosdiens in ons kerkgebou.
* Ons innige simpatie met Marina vd Walt wie se ouboet oorlede is. Ons bid vir die Here se troue troos en ondersteuning vir julle familie in die tyd.
* Ons bid vir Theuns Botha se voortgaande herstel, nadat hy die afgelope week vir verdere behandeling in Pretoria was. Daar is nog 3 sessies chemo wat voorlê.
* Ons bid vir tannie Esther Venter se volkome herstel, nadat sy die week ‘n heupvervanging ondergaan het.  Seënwense in Macadamia se herstelafdeling.
* Ina Fouchè ondergaan nog toetse in die komende week. Baie sterkte vir die proses.

Tialeen Venter was Vrydag weer by die Vaskulêre Chirurg. Ons bid vir volkome herstel en krag vir elke dag.

## KONSISTORIEDIENSBEURT 1 MEI

**Diensbeurt: B2 Stadion**

**Katkisasie: Geen**

**Ouderling: Douw Venter**

**Diaken: Shawn Koekemoer**

Ouderlinge en diakens moet asb kennis neem dat almal, weer soos voorheen, voor die erediens in die konsistorie sal vergader.

## TEESKINKBEURTE



**1 Mei 2022**
Geen tee of koffie word bedien nie agv die langnaweek.

**8 Mei 2022**
Madeleen Korff
Nadia Kotze
Sarie Kotze
Riana Olivier
Chandre Olivier

**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit asseblief!**

## HEMELVAART DAG DIENS

Die kerkraad het besluit dat ons 'n erediens op ***Hemevaart Dag*** 26 Mei 2022 om 18:00 sal hê.

## DATUMS OM TE ONTHOU

| DATUM | TYD | WAAR | WAT |
|---|---|---|---|
| 3 Mei 2022 | 09:30 | *Kerk* | Bybelstudie |
| 4 Mei 2022 | 18:30 | *Kerk* | Bybelstudie |
| 4 Mei 2022 | 19:00 | *Alta Theron* | Bybelstudie |
| 5 Mei 2022 | 09:30 | *Alta Theron* | Bybelstudie |
| 5 Mei 2022 | 19:00 | *ZOOM* | Bybelstudie |



# KALENDER



| Verjaarsdae | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | Ouderdom | **Belydend / Doop** | **Sel/Tel no.** |
| So 1 Mei | ***Lenie Bothma *****<br>***Annette Krüger **** | ***86***<br>***72*** | B<br>B | 084 396 1093<br>079 265 6034 |
| Di 3 Mei | Colette Albertyn<br>Natania Carstens | 49<br>33 | B<br>B | 078 224 6734<br>074 570 9357 |
| Wo 4 Mei | ***Martie Maritz ****<br>Estelle Snyman<br>Johan Kotze | ***70***<br>60<br>41 | B<br>B<br>B | 083 461 6974<br>082 414 3795<br>082 422 2073 |
| Do 5 Mei | Linamari Slabbert<br>Hendri Korff<br>Karin Krüger | 54<br>52<br>46 | B<br>B<br>B | 082 684 5145<br>083 602 0064<br>072 709 0747 |
| Vr 6 Mei | ***Dawn Hattingh ****<br>***Johan Snyman ****<br>Elmarie Swanepoel<br>Jan-Albert Coetzee | ***79***<br>***72***<br>37<br>32 | B<br>B<br>B<br>B | 081 320 2235<br>082 935 8954<br>073 801 4149<br>078 451 8425 |
| Sa 7 Mei | Larizane Meintjies | 6 | D | 079 250 2338 |

| Huweliksherdenkings | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare Getroud** | **Sel/Tel no.** |
| Ma 2 Mei 2015 | Ryno & Elmarie Swanepoel | 7 | 073 801 4149<br>079 631 5702 |
| Di 3 Mei 2008 | Burger & Retha Grobler | 14 | 071 885 8928<br>082 787 2677 |

## GEDAGTE VIR DIE WEEK

*Here my God, U het baie wonderlike dinge gedoen; U dink altyd aan ons;*
*daar is niemand soos U nie.*
*Ek sou daarvan wou vertel en daaroor praat,*

*Psalm 118: 6*

## SILWERDOPPERS

Die ***Silwerdopper*** verkoop op ***Vrydag 6 Mei*** lekker ***vetkoek en maalvleis vir net R 30 / vetkoek.***
Gee jouself 'n aand af en kom koop vetkoeke by die kerk.



Plaas jou naam op die lys agter in die portaal om jou bestelling te waarborg.

Vir verdere inligting skakel Marina vd Walt op 072 135 6905 of Antjie Du Toit op 083 305 7855.

***Silwerdoppers*** onthou ook die volgende byeenkoms is op ***10 Mei*** hier by die kerk. Elkeen word gevra om 'n bordtjie eetgoed saam te bring. Ons sal ***van 10:00 af*** saam kuier. Kontak Marina vd Walt op 072 135 6905 vir verdere besonderhede.


GEMEENTEKAMP
Die aktiwiteitskommissie beplan *'n gemeentekamp by JABUWENI vanaf 23 tot 25 Sept 2022.*
Hou hierdie spasie dop vir besprekings en pryse!!!
Kom kuier lekker saam met ons. Dit gaan voorwaar 'n gemeentekamp wees om te onthou!!!!!!!

# GEMEENTEKUIER

Die aktiwiteitskommissie beplan ***'n gemeentekuiertjie by Villa Maroela op Maandag 2 Mei 2022 . (Die openbare vakansiedag na Werkersdag)***



Dit is op die leeu plaas van Albie en Riana Olivier.

***Elkeen bring sy pieknie mandjie met vleis en drinkgoed saam.*** Die aktiwiteitskommissie sal sorg vir pap en sous.

Daar is 'n swembad ens om die kinders besig te hou terwyl die ***"groot kinders"*** lekker saam kuier.

***Die aktieiteitskommissie sal die toegang betaal.***

Daar sal hout te koop wees of bring jou eie braai hout en / of charcoal saam. Braai geriewe en badkamers is beskikbaar.

Kom kuier lekker saam met ons by Villa Maroela. Dit gaan 'n gemeentekuier wees wat nie vergeet sal word nie!!!!!!!

***Plaas jou naam op die lys agter in die portaal. Vir verdere inligting kontak vir Theuns Du Preez op 064 527 7432.***

| | | |
|---|---|---|
| **Preke**<br><br>Kan afgelaai word op:<br><br>www.gereformeerd.co.za | **Kerkkantoor**<br>Faksnommer<br><br>Epos<br>Webwerf<br>Kantoorure | Nantes Kotze<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks)<br>admin@gereformeerd.co.za<br>www.gereformeerd.co.za<br>Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Koster**<br>Nantes Kotze<br>015 296 0054<br>081 424 9651<br><br>**Orreliste**<br>Barbara Nagel<br>083 260 9581<br><br>Marisa Linde<br>083 408 2100 | **Bankbesonderhede**<br>**Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| | **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| | **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| | **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| | **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*Die voorkoms van die wiele en hulle afwerking was soos dié van edelstene. Hulle het eenders gelyk en al vier was so gemaak dat daar 'n wiel dwars binne 'n wiel was*

*Esegiël 1: 16*



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS